UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



## ILHAAM GROENEWALD
*Captain of Maties Sport*

Woordfees 2015 se program bekend | Saving energy is a priority for SU | US Kelder maak pryswenner-wyn | Ditch the career comfort zone

JAAR 22#10 DESEMBER 2014/JANUARIE 2015 YEAR 22#10 DECEMBER 2014/JANUARY 2015
US Personeelblad SU Staff Magazine

## contents inhoud


My Kampus: Ilhaam Groenewald leads Maties Sport ........3
Jong wetenskaplikes kry US-beurse ........4
Groot projekte vir Tygerberg-kampus ........5
Twee vroue is EBW se top dosente ........6
Erasmus University Rotterdam and SU sign MoU ........7
US Kelder: Al langs die wynroete ........8
Dr Munita Dunn-Coetzee op 'n nuwe pad ........10
Prof Charl Cilliers het weg gebaan ........11
Conserving energy at SU ........11
Propvol program vir Woordfees 2015 ........12
Kampuslewe: Eet, lees en doen ........13
Ditch the career comfort zone ........14
In conversation with Nora Hanke ........15
Brokkies in Beeld ........16




8


10


15


*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 021 808 2927, faks: 021 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za of wmuller@sun.ac.za


UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

Die jaar 2014 is op 'n einde. Dit was 'n jaar van heelwat hoogtepunte vir die Universiteit Stellenbosch, maar nie sonder oomblikke van hartseer nie.

Ons groot hartseer was die afsterwe van ons rektor en visekanselier, prof Russel Botman, in Junie. Maar ons het desnieteenstaande goed gevaar met prestasies op die gebied van die akademie, navorsing, gemeenskapsinteraksie, sport en ander velde.

Die beste deel van die einde van 'n jaar is dat 'n mens kan uitsien na 'n nuwe jaar en 'n nuwe begin. Ná die somervakansie voel jy sommer weer uitgerus en kan met woema die nuwe jaar aanpak.

Our cover personality for this issue is the new Chief Director for Maties Sport, Ilhaam Groenewald. She tells us more about her new position at SU and her plans for sport at the University.

We also chat to a young researcher at SU, Nora Hanke, whose work in the field of water research has made an impact on society and our plans to conserve water.

And speaking of being environmentally friendly, we also report on the huge energy savings SU has made through minor changes at all our facilities. Not only do these changes save the University money, but it also reduces our carbon footprint.

Twee personeellede wat in 2015 'n nuwe begin maak, is dr Munita Dunn-Coetzee wat by die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling as direkteur aansluit, omdat prof Charl Cilliers vanaf 2015 sy aftrede sal geniet. Hulle vertel ons van hul toekomsplanne.

Omdat dit vakansietyd raak en almal meer tyd op hande het, het fotograaf Stefan Els gaan inloer by die US se eie kommersiële wynkelder naby die Welgevallen-proefplaas. Sy foto's toon die wynmaakproses van wingerd tot bottel – 'n kelder wat 'n kuier werd is.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus* én jou welverdiende blaaskans. Voorspoedige 2015.

*Wayne*

## KAMPUS hoogtepunte

2014 was 'n jaar vol hoogtepunte. Hier is 'n paar van hulle in syfers:

- **2** – Twee internasionale uitstallings oor die lewe van Nelson Mandela is in die US Kunsmuseum aangebied.
- **3** – Die US het drie top-pryse by die SA Nasionale Energievereniging se 2014 toekenningsgeleentheid gewen.
- **15** – Die US Woordfees het sy 15de verjaardag gevier.
- **33** – Altesaam 33 vooraanstaande kenners op hul vakgebied is as Uitgelese Professors by die Universiteit aangewys.
- **50** – Maties Gemeenskapsdiens en die Universiteit Stellenbosch Besigheidskool (USB) het hul 50ste bestaansjaar gevier.

Kampusnuus wishes all its readers and their loved ones a blessed and happy festive season. Enjoy your holiday, travel safely and relax. See you in 2015.





# Captain of the team

*Born in the Northern Cape, Ilhaam Groenewald was recently appointed as Chief Director for Maties Sport and has big plans not only for sport at SU but also for herself. By SONIKA LAMPRECHT*



**Before joining Stellenbosch University …** I was employed at the University of the Western Cape in various positions of administration and sports management, including Director: Sport, allowing me to grow in many facets. In addition, I occupy a number of representative roles within the higher education and South African sport environments, which include being the first Vice-President of University Sport South Africa (USSA), the Chairperson of the South African Universities Heads of Sport, and a Varsity Cup Trustee.

**My plans for Maties Sport are …** to ensure that it becomes an integral part of all areas of SU's Institutional Intent and Strategy, providing opportunities and access, contributing towards the research agenda, and ensuring that leadership is provided and developed at all levels of sport participation at the university and in South Africa.



**What people would not know about me is …** that I can speak Afrikaans backwards. My sister and I used to gossip like this until we realized our mother could understand us… I am almost 100% sure that it is only people from the Northern Cape that can do this.



**My personal goal is …** to become a leader in sports on national level. My vision is to continue to contribute towards the agenda of South African sport with university sport as my greatest passion, and Maties Sport as the main focus. SU gives an opportunity for those who are willing to take up the challenge to achieve both institutional and personal goals. For now, my focus is on Maties Sport and, with successes to be registered over a short, medium and long-term period, I am focused to make the best of my five-year appointment period.

**What I enjoy most about working at SU …** is the beautiful environment at Coetzenburg – it is the best setting of all the universities I have visited. The SU and Maties Sport environments also present the opportunity to not only work in high-performance sport, but also to extend our footprint in the areas of recreation, active lifestyle, events and communication. This creates the space for trading the "out-of-the-box" thinking for a "get-rid-of-the-box-completely" mindset.

*Photos: STEFAN ELS*

# SoTL 2014 a huge success

Stellenbosch University's Division for Learning and Teaching Enhancement presented yet again a successful Scholarship of Teaching and Learning (SoTL) conference. The annual conference was held for the seventh time and took place at the Protea Hotel Stellenbosch in Techno Park on 28 and 29 October.

SU academics shared best practices, research findings and innovative ideas about teaching and learning, and healthy debates were stirred around teaching and learning within higher education, as well as specifically at SU.




*Dr Antoinette van der Merwe, Senior Director: Division for Learning and Teaching Enhancement; Taryn Bernard, winner of the best presentation at the SoTL 2014 conference; and Melanie Petersen, SoTL 2014 Convenor.* Photo: ANTON JORDAAN

Approximately 170 delegates across all ten faculties of SU attended over the two days. With 60 presentations in total, the conference programme included a wide range of topics. Delegates were officially welcomed by prof Arnold Schoonwinkel, Vice-Rector: Learning and Teaching, who emphasised the importance of this conference in promoting on-going debates around matters relating to teaching and learning, as well as bringing academics together across various disciplines and "boundaries".

Two keynote addresses were delivered respectively by Prof Laura Czerniewicz, Director of the Centre for Innovation in Learning and Teaching at the University of Cape Town, and Prof Chrissie Boughey, Dean of Teaching and Learning and currently seconded as the acting DVC Academic & Student Affairs at Rhodes University.

Nine papers were nominated as potential winners for best conference presentation. With her paper entitled "Using CBI, SFL and CEAP to integrate content and language learning in a higher education context", Taryn Bernard of the Faculty of Arts and Social Sciences walked off as the overall winner. This has won her free attendance of an international Teaching and Learning conference of her choice in 2015.

## US skenk beurse aan jong wetenskaplikes

Die US het tydens die 34ste Internasionale Ekspo vir Jong Wetenskaplikes 20 beurse aan leerders toegeken.

Die geleentheid is van 7 tot 10 Oktober in Boksburg deur Eskom aangebied. Nagenoeg 10000 leerders van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho en Swaziland het vanjaar se streeks- en internasionale ekspo's bygewoon.

Leerders van sowel laer- as hoërskole kry hier die geleentheid om hul wetenskapprojekte uit te stal en in te skryf vir 'n kompetisie. Dit word eers op streeksvlak beoordelaar, waarna die wenners van elke streek die Internasionale Ekspo kan bywoon.

Die doel van die ekspo is om groter bewustheid by leerlinge te skep oor die wonders van wetenskap.

Erika Hoffman, Projekkoördineer by SUNSEP aan die US, is die Ekspo-streekskoördineerder in Stellenbosch. "Op streeksvlak is baie ander US-personeellede as beoordelaars betrokke," sê sy.

Van die US was Pauline Hanekom en Mariëtte van den Worm op die paneel vir die nasionale beoordeling.

Die US het aan al 20 kategoriewenners van die Ekspo-kompetisie 'n beurs ter waarde van R30000 elk toegeken. Christelle Feyt, die US se Senior Direkteur: Voornemende Studentedienste, sê die beurse word vir die leerlinge gereserveer totdat hulle sou besluit om hier te kom studeer, aangesien hulle in verskillende grade op skool is.

## Notice regarding leave in December

The University closes on 24 December at 12:45 and the day is considered half a day. If staff members are taking leave on this day they must capture half a day's leave on the system.

If this date is included in your leave, ensure that you decrease the number of leave days by 0.5 (half a day). The system calculates all days as full days and it is each staff member's responsibility to ensure that the correct number of days is captured before submitting the leave for approval.

Line managers should check the number of days before approving leave transactions, and ensure all leave transactions for the year 2014 and January 2015 is approved by 31 December 2014.

If you are taking leave for a continuous period over December 2014 to January 2015, such leave must be captured as two separate transactions (one for each month).

The University will officially reopen on Monday, 5 January 2015.

If you plan to have your accumulated leave paid out to you in January 2015, and to do this on the sun-e-HR system, please note that you can do so only in January 2015. If you are uncertain whether the transaction will be approved in time for the January payroll closing, you may complete a leave form in advance and forward it to the HR Client Service Centre by 6 January 2015 to ensure it is captured in time.

Contact the HR Client Services Centre on 021 808 2753.



# US vier eerste SA droommyl

Vyftig jaar gelede het die oud-Matie atleet De Villiers Lamprecht op 13 November 1964 die eerste Suid-Afrikaner geword om 'n droommyl – die myl (1,609 meter) in onder vier minute – af te lê. Hy het dié merkwaardige prestasie behaal tien jaar nadat die Britse atleet Roger Bannister die eerste droommyl in die wêreld gehardloop het.

Lamprecht was ook die eerste atleet in die wêreld wat 'n droommyl kaalvoet gehardloop het. Hy sou voortgaan om vyf keer deur die magiese vier minute-grens te breek. Om die geleentheid te vier is 'n funksie op 13 November by die Coetzenburg-atletiekstadion gehou. Lamprecht kon nie self daar wees nie en is deur sy seun, Stiaan, verteenwoordig.



*Hier is (van links) Stiaan Lamprecht, Jackie Wiese, Wium Mostert, Gerhard Roux, Lorenza Groenewald en Mohamed Ally by die herdenkingsgeleentheid.* Foto: ANTON JORDAAN

Gerhard Roux, wat kommentaar gelewer het tydens Lamprecht se droommyl-poging, het vertel hoe perfek die aand was en hoe die skare oor die laaste ronde "Div, Div, Div" gedreunsing het.

Sedert Lamprecht het 57 Suid-Afrikaanse atlete reeds droommyle gehardloop.

Lamprecht was 'n oud-inwoner van Dagbreek en ter ere van sy prestasie word die Dagbreek Maties Straatmyl sedert 2011 jaarliks aangebied.

## Groot projekte by Tygerberg-kampus

'n Ultramoderne angiogramfasiliteit is by die US en Tygerberg-hospitaal se Afdeling Kardiologie geopen, en dit beloof om die knelpunte in hartsorg in die Wes-Kaap te verlig en hartgesondheid in die provinsie te bevorder.

Die multimiljoenrand radiale suite is die eerste in sy soort in Afrika wat radiale angiografie bied. Dit kan hartangiogramme en -stente via 'n klein bloedvat in die arm doen in plaas van 'n groot aar in die lies.

Hierdie verbetering op die standaardbenadering om na die hart se bloedvate te kyk het die prosedure veiliger en meer gerieflik vir pasiënte gemaak, aangesien hulle op dieselfde dag uit die hospitaal ontslaan word.

- Die US en Mediclinic Suidelike-Afrika het 'n baanbrekersinisiatief begin wat nou die geleentheid skep vir die US se mediese studente om 'n deel van hul voorgraadse opleiding by geakkrediteerde Mediclinic-hospitale te ondergaan. Die Wes-Kaapse minister van gesondheid, Theuns Botha, het by die bekendstelling van die inisiatief sy steun daaraan toegesê.

'n Proefprojek is reeds vroeër vanjaar by Mediclinic Durbanville begin. Studente in hul vierde en vyfde jaar het hul vier week lange rotasies in interne geneeskunde by dié hospitaal voltooi en kliniese opleiding van dokters in die privaatpraktyk ontvang.

- 'n Multimiljoen rand biobank waar monsters van MIV-verwante kankers vir navorsing geberg sal word, is deur die US se Afdeling Anatomiese Patologie in die Tygerberg-hospitaal geopen.

Die biobank, wat deur die Nasionale Kanker-instituut (NKI) van die VSA befonds is en bekend sal staan as die Sub-Sahara Africa District Biospecimen Repository, prosesseer en bewaar biomonsters volgens die beste praktyke soos vasgestel deur die Internasionale Genootskap vir Biologiese en Omgewingsbiobanke (ISBER) en die NKI. Die fasiliteit werk volgens goedgekeurde etiese standaarde en voldoen aan plaaslike en internasionale regulasies en wetlike vereistes.



*Dr Philip Herbst van SUNHEART verduidelik aan die Wes-Kaapse minister van gesondheid, Theuns Botha, die tipiese eggokardiografie-beelding wat op skoolkinders in die Eggo in Afrika-projek gedoen word.*

## Plaaswerkers baat by skenking aan Regshulpkliniek

Plaaswerkers in die Stellenbosch-omgewing sal weer baat by 'n aansienlike skenking van die Claude Leon-stigting aan die US Regshulpkliniek.

Die Regshulpkliniek het 'n gespesialiseerde fokus op plaasuitsettings, tans een van die grootste regskwessies wat plaaswerkers in die Boland raak.

"Die spesifieke program wat die Stigting ondersteun verseker dat plaaswerkers, waarvan baie slegs semi-geletterd is, bewus gemaak word van hul Grondwetlike reg tot sekerheid van verblyfreg en ook in staat gestel word om dié regte te bekragtig. Die sosio-ekonomiese regte wat in die Grondwet verskans is, vorm die kern van transformasie na 'n regverdiger en meer demokratiese samelewing," sê William (Bill) Frankel (OBE), voorsitter van die Stigting, wat die US Regshulpkliniek al sedert 2007 ondersteun en voorheen skenkings van net onder R1 miljoen aan die Regshulpkliniek gemaak het.

Prof Sonia Human, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, sê: "Die skenking stel die passievolle lede van die Regshulpkliniek in staat om die mees weerlose mense in die samelewing te help om hul waardigheid te herstel."

# Twee vroue is topdosente

Twee vrouedosente is vanjaar as die topdosente van die US se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) aangewys.

Gretha Steenkamp (34), 'n senior dosent in rekeningkunde op honneursvlak, is die algehele wenner van die kompetisie. Sy het haar kollega, Rudie Nel, ook 'n dosent aan die Skool vir Rekeningkunde, onttroon nadat hy twee jaar agtereenvolgens die algehele wenner was.

Sophia Brink, wat finansiële rekeningkunde op voorgraadse vlak doseer, is vanjaar vir die tweede keer agtereenvolgens die naaswenner.

EBW is die enigste fakulteit wat hierdie kompetisie aanbied, en dit is die vierde jaar dat die kompetisie gehou is. 'n Rekordgetal van meer as 50% van die fakulteit se derdejaar- en honneursstudente het vanjaar vir hul topdosent gestem.

Dit is ook die eerste jaar dat dosente op honneursvlak by die kompetisie ingesluit is. In die verlede kon slegs derdejaarstudente in die kompetisie stem, maar vanjaar kon honneurs-studente ook aanlyn hul kruisies trek.

"Ons wou die kompetisie meer inklusief maak," het prof Ronel du Preez, die fakulteit se vise-dekaan vir leer en onderrig, gesê. "Die feit dat soveel studente vanjaar die moeite gedoen het om aanlyn te gaan stem dui vir my aan dat ons gelukkige studente het wat by die leerervaring betrokke wil wees. As jou ervaring negatief is, sal jy nie stem nie." Vir die kompetisie het studente ook vir die belangrikste eienskap van 'n topdosent gestem. Vir die tweede jaar agtereenvolgens het die meeste studente aangedui dat 'n topdosent "uitstekende onderrigvermoë" moet hê.

" 'n Goeie dosent moet 'n uitstekende vakkennis hê, passievol oor die vak wees en boonop toeganklik wees. Om kennis vir studente te ontsluit is die belangrikste deel van hul werk," het Du Preez bygevoeg.



*Die topdosent Gretha Steenkamp (links) saam met die dekaan, prof Stan du Plessis, en naaswenner Sophia Brink.*

# US ingenieur help tuig op komeet land



*Prof Herman Steyn*

"Dit voel onwerklik om te dink dat die Philae-landingstuigie se momentumwiel, wat ek in 'n stadium vasgehou en getoets het, nou 500 miljoen kilometer vanaf die Aarde op 'n komeet is!" Só sê Prof Herman Steyn, Groephoof van Rekenaar- en Beheerstelsels by die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese aan die US, oor dié belangrike deel van die landingstuig wat hy help ontwikkel en bou het.

Die Europese Ruimte-agentskap (ESA) het op 12 November geskiedenis gemaak toe hulle daarin geslaag het om vir die eerste keer 'n landingstuig, die Philae, op 'n komeet – 67P/Churyumov-Gerasimenko – te land.

Die momentumwiel wat Steyn help bou het, 'n wiel van 20cm in deursnee en wat sowat 1,5kg weeg, het verseker dat die tuig op sy drie bene land. Die tuig is reeds 10 jaar gelede saam met die ruimtetuig, Rosetta, op sy tog na die komeet gestuur.


Steyn het van 1998 tot 2002 by Surrey Satellite Technology by die Universiteit van Surrey gewerk as hoofingenieur en spanleier van die satellietbeheergroep.

"Die DLR (Deutsche Luft und Raumfahrt) het ons genader om die momentumwiel vir die landingstuig te ontwerp en te vervaardig.

"Ekself en so vier ingenieurs by SSTL het toe die wiel ontwerp en vervaardig en binne nege maande is dit aan DLR afgelewer."

Steyn is tans deel van 'n span wat aan 'n CubeSat ('n miniatuur satelliet) genaamd ZA-AeroSat werk wat vroeg in 2016 as deel van die QB50-missie (50 CubeSats) van ESA sal lanseer en wat ruimtewetenskap-eksperimente op die Aarde se termosfeer sal uitvoer.

# Staff successes



**PROF MARENA MANLEY** (photo) of SU's Food Science Department is the 2014 recipient of the Medal of Honour of the Faculty of Natural Sciences and Technology. This medal of honour is awarded for achievements and contributions related to the promotion and development of the subject area concerned and can be awarded only in exceptional cases.

**PROF ELTIE LINKS**, the Chair of Doing Business in Africa at the University of Stellenbosch Business School (USB), has been appointed by President Jacob Zuma as a new member of the Presidential Black Economic Empowerment (BEE) Advisory Council. This council provides guidance and overall monitoring of the broad-based black economic empowerment (BBBEE) performance in the economy with a view to make policy recommendations to address challenges in the implementation of the policy.



# Erasmus University Rotterdam and SU sign MoU

Erasmus University Rotterdam and Stellenbosch University will be collaborating even more intensively in the future.

On Tuesday 11 November, Rector Magnificus Prof Huibert Pols, on behalf of Erasmus University, and Prof Johan Hattingh, Dean of the Faculty of Arts and Social Sciences on behalf of SU, signed a Memorandum of Understanding and a partnership agreement in respect of a joint PhD programme. There is already faculty and institutional level cooperation with SU.

Amongst other things, Erasmus University and Stellenbosch intend to investigate in which areas they could cooperate even further. Programmes for joint scientific research will also be stimulated.

In addition, both universities are investigating the potential for exchanging researchers and students, to broaden the curriculum for example. Erasmus School of Economics, the Faculty of Social Sciences and Erasmus School of History, Culture and Communication already exchange students with US.

The term of the MoU is five years.

In addition to the MoU, Pols and Hattingh signed a partnership agreement for the development of a joint PhD programme (joint doctorate).

Since 2012, PhD students from the International Institute of Social Studies and Stellenbosch University have been collaborating.

Annually, a PhD workshop is organised where PhD students from both universities present their research, the purpose being to learn from one another.

The success of these workshops has resulted in a joint PhD programme being established.

The PhD collaboration will now be rolled out throughout the whole of Erasmus University.



*Prof Johan Hattingh, Dean of SU's Faculty of Arts and Social Sciences, and Rector Magnificus Prof Huibert Pols of Erasmus University Rotterdam after signing the MoU.*

# Koopman lei weer Teologie

Prof Nico Koopman, Dekaan van die Fakulteit Teologie aan die US, is deur die Universiteitsraad vir 'n tweede vyfjaar-termyn aangestel. Koopman is sedert April 2010 die dekaan.

Sy heraanstelling is op Dinsdag 11 November by 'n vergadering van die gesamentlike aanstellingskomitee van die Universiteitsraad bekragtig. Sy tweede termyn loop van April 2015 tot Maart 2020.

Oor die bekragtiging van sy tweede termyn deur die Raad, Senaat en die Fakulteitsraad, sê Koopman hy leef hierdie roeping met vreugde, in broosheid en saam met ander rondom hom uit.

"My eerste termyn as dekaan was van die vreugdevolste jare van my lewe en ek sien uit na die tweede termyn. Dit is wonderlik om die Fakulteit Teologie te lei in ons strewe om met akademiese uitnemendheid 'n impak op geloofsgemeenskappe in die breër samelewing te maak. Dit sal ook 'n voorreg wees om steeds as dekaan 'n bydrae te lewer tot die opwindende reis van die US onderweg na ons eeufeesvierings in 2018 en die realisering van Visie 2030."

Koopman het hom reeds as kerk- en akademiese leier van formaat onderskei en word in Suid-Afrika en internasionaal hoog aangeslaan.

Saam met die ontslape US-rektor, prof Russel Botman, was Koopman een van die dryfvere agter die stigting van die Beyers Naude Sentrum vir Publieke Teologie wat in die US se Fakulteit Teologie gesetel is. Hy dien tans as direkteur van dié sentrum.



*Prof Nico Koopman* Foto: ANTON JORDAAN

## Munnik tree af



*'n Afskeidsgeleentheid vir Chris Munnik (links), Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur, is op 19 November in die voorportaal van die US Raadsaal gehou. Munnik tree aan die einde van Desember af ná vyf jaar aan die US. Prof Leopoldt van Huyssteen (regs), waarnemende US-rektor en visekanselier, het tydens die geleentheid gesê Munnik laat 'n ryke nalatenskap aan die US agter. "Dit was hy wat gekom het met die konsep van 'menseruimtes', waar die grense tussen leef, leer en werk vervaag. Dit was sy motto vir fasiliteitsbestuur, en die nuwe Fasiliteitsbestuurgebou is 'n goeie vergestalting daarvan. Chris se stempel is perfek vir Maties in die 21ste eeu." Hier oorhandig Van Huyssteen 'n afskeidsgeskenk aan Munnik.*

Foto: ANTON JORDAAN

# Al langs die wynroete

*Die US se Welgevallen-wynkelder lê weggesteek tussen Coetzenburg en Paul Roos Gimnasium. Hulle produseer verskeie wyne en het pas 'n 2005 Port bekend gestel. Vanjaar het twee van hul wyne ook 'n gesogte Silwer Veritas-toekenning ontvang. Fotograaf STEFAN ELS het met sy kamera gaan kuier en meer oor die wynmaakproses uitgevind.*



WELKOM BY WELGEVALLEN: *Welgevallen-wynkelder is in 2001 deur die destydse rektor, prof Andreas van Wyk, geopen. In 2008 is besluit om wyn onder die US-etiket te verkoop en het die kelder sy eerste kommersieel beskikbare 2008 Pinotage opgelewer. Die wingerde word vir navorsing en kommersiële aktiwiteite verbou, maar geen navorsingsdruiwe word aan die kelder gelewer nie. Welgevallen maak nie eksperimentele wyne nie en studente maak ook nie hier wyn nie. Dis 'n professionele wynkelder wat met die beste in die omgewing kan meeding en pryswenner-wyne oplewer. Die kelder is die enigste in die dorpsomgewing en is stapafstand vanaf kampus. Die US is ook die enigste universiteit in Suid-Afrika wat sy eie wyn vir die publiek produseer.*



DIE WINGERDE: *Die wingerde lê in die omgewing van die Welgevallen-proefplaas en ook naby Paul Roos Gimnasium. Christopher Williams (agter) en Hendrik September is besig met die somersnoei in die Sauvignon Blanc-wingerd. September sê dis belangrik om die onnodige lote en blare te snoei sodat die wingerd genoeg son kry om reg te kan groei. Dit het 'n invloed op die gehalte van die druiwe én die wyn. Die verskillende kultivars op die plaas is Pinotage, Sauvignon Blanc, Shiraz en Cabernet Sauvignon. Daar is ook 'n studente-wingerd wat al die verskillende kultivars bevat wat in Suid-Afrika verbou word, asook die navorsingswingerd Wawiel Pinotage. Die oes van die druiwe hang af van die kultivar en die spesifieke jaar. Parstyd is gewoonlik tussen Januarie en April, maar in koeler streke kan dit tot in Mei plaasvind.*



DIE KELDER: *William Smith is die algemene kelderassistent. Hy het 'n paar jaar gelede 'n diploma vir kelderwerkers aan Elsenburg voltooi. Hy is betrokke by al die prosesse van die kelder wat wynmaak, bestuur van die vurkhyser, oortap van wyn, volmaak van vate, wynverkope en skoonmaak van die kelder insluit. Die wynmaakproses duur die hele jaar en begin met parstyd in Januarie tot April. April tot Julie is dit tyd vir die gistingsproses op rooiwyn en ook voorbereiding vir bottelering van wyne soos Sauvignon Blanc. Hier staan Smith by 'n 3 300 liter tenk waarin pas oorgetap is.*

## Wen wyn

Een leser kan twee bottels wyn van Welgevallen-kelders wen. Stuur 'n e-pos aan kampusnuus@sun.ac.za en antwoord die volgende vraag: Watter twee Die Laan-wyne het silwer toekennings ontvang by die 2014 Veritas-toekennings? Die kompetisie sluit op 15 Januarie 2015 en is slegs oop vir US-personeellede. Die wenner se naam en foto sal in die Februarie-uitgawe van *Kampusnuus* verskyn.






PRYSWENNERS (links): *Hierdie twee Die Laan-wyne, die 2011 Cabernet Sauvignon en 2012 Pinotage, het die 2014 Silwer Veritas-toekennings ontvang. Dit is Suid-Afrika se mees gesogte wynkompetisie wat erkenning gee aan wyne van buitengewoon goeie gehalte. Vanjaar het die kelder net twee van sy sewe wyne ingeskryf en albei het silwer ontvang – 'n besonderse prestasie.*

VATE VOL WYN (onder): *Die kelder het meer as 100 vate wat wissel van 225 tot 300 liter. Elke jaar ontvang hulle verskeie geborgde vate, ter waarde van R10 000 elk, van verskillende kuipers. Die kelder gebruik hierdie vate vir vatdemonstrasies aan studente, en een tenk pinotage word in verskillende vate verouder aangesien die hout die smaak van die wyn beïnvloed. Dit gee studente die geleentheid om die invloed van verskillende vate op die sensoriese aspekte van wyn te kan ervaar. Die wyn word ná 12 maande blind geproe deur die studente en vatverskaffers sodat daar geen vooroordele is nie.*



KELDERMEESTER EN WYNMAKER: *Riaan Wassüng staan aan die hoof van die kelder. Hy is nie bang om sy hande vuil te maak nie en as jy by die kelder instap, sal jy hom heel moontlik kry waar hy besig is om vate rond te dra of te help met die oortap van die wyn. Die tweede helfte van die jaar bestaan grootliks uit die oortap van wyne in tenks en vate, asook bottelering en etikettering. Wyn word vir 12 tot 16 maande in eikehoutvate verouder voor bottelering. Wassüng is sedert 2004 by die Welgevallen-kelder betrokke en het Wingerd- en Wynkunde aan die US gestudeer. Hier staan hy by een van die groter tenks waarin die 2013 Die Laan Pinotage-versnit gemaak is.*






WYNPROE: *Die wyn is nou gereed om geproe en gekoop te word. Die kelder se proelokaal is weeksdae vanaf 08:30 tot 16:00 oop. Hier koop Cathryn Calitz wyn as geskenk om terug na haar tuisdorp Pietermaritzburg te neem. Sy het pas haar BMus-graad voltooi en reken Die Laan-wyn is die perfekte aandenking van Stellenbosch. Die kelder sluit op 12 Desember vir die vakansie, maar maak weer 5 Januarie 2015 oop.*

# Op 'n nuwe pad

*Dr Munita Dunn-Coetzee neem begin 2015 oor by prof Charl Cilliers as die nuwe direkteur van die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling. PIA NÄNNY het met Dunn-Coetzee oor haar nuwe uitdaging gepraat en met Cilliers oor sy planne ná aftrede.*

Vanjaar het Dr Munita Dunn-Coetzee 'n gebeurtenisvolle jaar beleef. Nie net het sy verloof geraak en getrou nie, maar sy is ook onlangs aangestel as die nuwe direkteur van die US se Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO).

Hierdie oud-Heemsteder is maar die derde direkteur van die sentrum en die eerste vrou. Sy het haar loopbaan in 2001 by die SSVO begin met 'n ses maande lange internskap onder die leiding van dr Handré Brand, waar sy onder meer opleiding in krisishantering ontvang het by Louis Vlok, wat tans die hoof van die 24-uur-Krisisdiens is.

Dunn-Coetzee is geen vreemdeling aan die US nie – sy verlaat 'n adjunkdirekteurspos by die Sentrum vir Studentestrukture en Gemeenskappe (SSG) om haar by die SSVO aan te sluit.

*Ek is opgelei as 'n sielkundige en my fokus is op ontwikkeling en die optimalisering van potensiaal. Dis wat ek graag wil doen.*

"Ek het dit baie geniet by SSG, maar is gereed vir hierdie nuwe uitdaging. Ek is opgelei as 'n sielkundige en my fokus is op ontwikkeling en die optimalisering van potensiaal. Dis wat ek graag wil doen. Ek kan steeds nie glo ek het die pos gekry nie. Dis 'n droom wat waar geword het en danksy die ongelooflike ervaring wat ek by SSG opgedoen het, gaan ek 'n beter bydrae hier kan lewer."

Sy erken egter sy het groot voetspore om te vul met prof Charl Cilliers wat die tuig as direkteur van die SSVO ná 15 jaar neerlê. Sy beskryf hom as die "gesig van die SSVO".

"Hy het die handelsmerk gevestig en die ontwikkelingsdeel bygevoeg. Ek moet nou strategies gaan kyk wat is my rol, waar gaan ek waarde toevoeg en hoe gaan ek verder uitbou op dit wat hy gedoen het."

Sy glo die SSVO vertolk 'n noodsaaklike rol by die US.



*Dr Munita Dunn-Coetzee* *Foto: STEFAN ELS*

"Na my mening het ons eintlik vyf sulke sentrums nodig. Ek dink nie ons is altyd bewus van die hoeveelheid druk waaraan studente blootgestel word, die hoeveelheid goed waarmee hulle moet *cope* en hoe onvoorbereid hulle universiteit toe kom nie.

"Studentwees is 'n uitdagende ontwikkelingsfase en hulle het meer ondersteuning nodig as wat 'n mens dink."

Haar doelwitte vir haar tyd as direkteur is om seker te maak die universiteit, en spesifiek SSVO, is gereed vir die diversifikasie van sy studentekorps en aanpasbaar ten opsigte van die behoeftes van die studente-generasie. Dit is belangrik dat die dienslewering van 'n sentrum relevant tot die studentekorps se behoeftes is, sê sy.

Sy hou van die feit dat haar werk mensgesentreerd is en dat sy 'n rol kan speel om seker te maak studente se universiteitsbelewing is so wonderlik, optimaal en suksesvol as wat dit kan wees.

Dunn-Coetzee is in Oktober getroud met Anthonie Coetzee, 'n beesboer van die Vrystaat, wat in Maart vanjaar as bestuurder van Maties Melk op die Welgevallen-proefplaas aangestel is. Hulle woon in Somerset-Wes saam met sy Jack Russell en haar twee katte.

## Dr Handré Brand tree af

Dr Handré Brand, Direkteur: Afdeling vir Akademiese Voorligting en Loopbaanontwikkeling by die SSVO, verlaat dié sentrum ook aan die einde van die jaar.

Hy was 17 jaar aan die SSVO verbonde, maar sy wortels by die US lê veel dieper. Voor die SSVO was hy van 1976 tot 1997 terselfdertyd Senior Lektor by die Departement Sielkunde, het gedien as direkteur van die Eenheid vir Voorligtingsielkunde, en was ook voorsitter van die Sentrum vir Sielkundige Diens en Opleiding.

"Ek was bevoorreg om 'n uiters stimulerende loopbaan binne die konteks van verskillende rolle aan die US te kon voltooi," sê hy. Vir hom is dit totsiens maar nie vaarwel nie. Hy tree weer in onder die vaandel van 'n InnovUS-projek getiteld "Abstrahere".



## Prof Charl het weg gebaan

Dit is nie 'n vreemde gesig om prof Charl Cilliers van die Sentrum van Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) met 'n Bonsai-boompie in die hand te sien nie. Hy sorg al van prof Andreas van Wyk se tyd dat daar 'n Bonsai-boompie in die bestuursvleuel van die US is en versorg en ruil die boompies. Hy self het 86 boompies by die huis, en sal volgende jaar, ná sy aftrede in Desember, moontlik meer aandag aan dié boompies kan gee.

*"Ek hou van die woord 'retire'. Dit beteken net jy sit 'n ander wiel op."*

Maar dit is ook nie te sê nie, want Cilliers beskou aftrede nie as 'n tyd van niksdoen nie. Dit is nie in sy aard om stil te sit nie, vertel hy, en daar is reeds 'n paar moontlike dinge wat hy volgende jaar wil aanpak.

"Ek hou van die woord 'retire'," sê hy. "Dit beteken net jy sit 'n ander wiel op."

Cilliers is al van 1981 aan die US verbonde (en het met die geld wat hy saam met sy langdienstoekenning ontvang het 'n Chinese dakkie vir sy Bonsai-boompies opgerig). Hy was eers by die Departement Opvoedkundige Sielkunde en is in 1999 as die direkteur van wat destyds as die Sentrum vir Studentevoorligting (SSV) bekendgestaan het, aangestel.

Hy het letterlik die O in SSVO gesit toe hy saam met 'n span kollegas gewerk het om die praktyk van studente-ontwikkeling ook formeel by die SSVO te vestig. Hy het ook later as sameroeper van 'n projekspan die term "studente-ontwikkeling" operasioneel omskryf en wetenskaplik gefundeer.

"Ek is 'n groot voorstaander van die ontwikkeling van potensiaal," sê hy, en daarom is die Welweesprojek die ding waaroor hy die "lekkerste voel" ná sy jare by die SSVO. "Dit is *amazing* wat die Welweesprojek kan doen om menslike ontwikkeling te bevorder."

Oor dr Munita Dunn-Coetzee, sy opvolger, sê hy: "Sy het baie meer as wat nodig is om suksesvol te wees in die pos en ek is ongelooflik dankbaar oor haar aanstelling."

Sy raad aan haar is dat sy steeds die SSVO-personeel se welwees daadwerklik moet bevorder om só ook die voorbeeld te leef wat die SSVO probeer verkondig.



*Prof Charl Cilliers* *Foto: STEFAN ELS*

# Conserving energy

These days the conservation of energy is a priority – not only because it has become a scarce commodity but because it is our moral and "green" obligation to control our energy consumption.

With its Campus Master Plan and Mobility Plan, SU has shown its commitment to sustainability and reducing our carbon footprint. In the publication *Vision 2030*, Acting Rector and Vice-Chancellor Prof Leopoldt van Huyssteen has been quoted as saying: "Sustainability is a multifaceted concept and an additional management duty that must be carried out by the critical thought leaders of the future at the University."

Sustainability in all its facets must be lived visibly. "It needs to form part of the way in which staff and students think, work and relax," Van Huyssteen says.

It is with this thinking that SU's Facilities Management Division has implemented several projects to lower energy consumption on campus.

Sibusiswe Sibanda, SU's Director: Property Services, has steered the implementation of measures to ensure that the University's energy consumption stays as low as possible.

SU is constantly expanding – student numbers increase, which means more living and study spaces have to be created. But, says Sibanda, by making small changes in how we live and work in our buildings we can ensure that we lessen the impact of the University's growth on the environment.

"The total electricity consumption of SU has increased steadily but marginally – only a 2.93% increase since 2009. It shows that although student numbers have increased drastically, we have managed to curb energy consumption. At the Tygerberg campus energy consumption has decreased since 2010 due to a new energy-efficient air conditioning plant that was installed," says Sibanda.

More good news, she points out, is that the energy consumption per enrolled student has steadily decreased. From 2009 to 2013 there has been a 6.3% decrease.

"There are three aspects that drive us to control energy consumption cleverly: the shortage of electricity, the ever-increasing cost thereof, and we have to be sustainable and do our part to reduce the carbon footprint of all our campuses," says Sibanda.

Some of the measures that have been taken include projects focusing on heating, ventilation and air conditioning. By slightly adjusting the temperature of the air conditioning in buildings like the Conservatoire and the Arts and Social Science Building has decreased energy consumption significantly. "Reducing the air temperature just a bit in winter does not have any effect on people, but it saves a lot of energy," Sibanda adds.

In six other buildings, mainly used by the Faculty of Science, the focus has been on light fittings and sensors which detect movement and automatically switch lights off when there is no movement. At the Bellville campus energy sensors has been placed in the passages and bathrooms.

The installation of energy-efficient showerheads in residences has contributed to the decrease in energy consumption per enrolled student. "These showerheads ensure that less hot water is used, and the water pressure is lower. Again, this has little effect on the person showering but the environmental impact is much greater," Sibanda says.

# Propvol program vir Woordfees 2015



*Die karakters in Anton Tsjechof se* Die Seemeeu, *wat in Afrikaans op die Woordfees in 2015 opgevoer word.*

Die program vir Woordfees 2015 is op 8 Desember bekend gestel. Uit 497 produksies en sowat 338 opvoerings om van te kies, is daar iets wat in elkeen se smaak val.

Met "I o'clock, 2 o'clock Rock" kan werkendes 'n heerlike middaguur-wegbreek geniet – en betyds terugkeer kantoor toe. Hierdie reeks middagete-rockkonserte in die akoestiese styl word by De Vette Mossel (voor Wilgenhof) en die Protea Hotel Techno Park aangebied.

Die kunstenaars sal om die beurt by albei plekke optree. Bywoners kan kies of hulle net die konsert wil geniet of ook 'n ietsie wil nuttig. Onder die kunstenaars wat gaan deelneem, is Francois van Coke, Koos Kombuis, Schalk Joubert, Arno Carstens, Bed on Bricks, asook Jan Blohm.

Die Woordfees se aanbieding van debat en gesprek is een van die fees se uitstaande en trotse eienskappe. Buiten *Praat Saam*, wat weer van 08:00 tot 09:00 regstreeks op RSG uitgesaai word, is daar ook Science Café, die Frederik Van Zyl Slabbert-reeks, Kerk op die Markplein en vele meer.

Ter nagedagtenis aan die ontslape US-rektor prof Russel Botman word daar in 2015 ook vir die eerste keer 'n debatsreeks aangebied wat na Botman genoem is. Hierdie reeks, wat saans om 19:00 gehou sal word, beloof om elke aand ten minste twee opponerende opinies en 'n vuurwarm kwessie op die tafel te plaas. Van grondhervorming tot die ekonomie sal deurgetrap word.

Die "Beste Professors" wat vanjaar met prof Andreas van Wyk gaan gesels, is proff David Butler, George Claassen, Gerhard Lubbe en Willie Breytenbach.

Anton Tsjechof se *Die Seemeeu* het in Oktober by Aardklop 'n baie goeie ontvangs gehad. Saam met hierdie klassieke werk deur die Russiese dramaturg, kan daar ook uitgesien word na die opening van *Sweed* en August Strindberg se *Skuldeiser*. Al twee hierdie stukke kyk op 'n snydende manier – dikwels met humor – na menslike verhoudings en hoe ons mekaar soms so maklik kan afbreek in net 'n paar woorde.

Kaartjies kan by www.computicket.co.za vanaf 9 Desember bespreek word.





## Etenstyd

Sushi in die somer is die lekkerste lekker. En in Stellenbosch is daar geen tekort aan sushi-eetplekke – boonop met sakpas-pryse – nie.

Daar is heelwat restaurante in die dorp wat sushi bedien en almal het 'n spesiale aanbod oor middagete.

Sunfish, geleë in Van Ryneveldstraat, bied tans 'n spesiale aanbod oor etensuur van R129 per persoon vir 'n buffet-ete. Jy kan dus smul aan soveel sushi as wat jy wil.

Die buffet bevat wel 'n beperkte aanbod van hul sushi, maar die verskeidenheid is groot genoeg sodat jy nie voel jy mis uit op iets smaaklik nie.

Probeer gerus die Samurai Roll en die Prawn Tempura Roll vir 'n interessante ervaring. Anders as ander sushi-restaurante se buffet-etes kan jy hier onbeperkte Salmon Roses eet.

Sunfish is 'n rustige, knus restaurant wat, so lyk dit, nog nie veel Stellenbossers van weet nie.



*Sushi vir die somer en 'n rits dinge om hierdie vakansie te doen. Loer gerus in by Sunfish vir 'n maaltyd van sushi, en sien wat gebeur in Stellenbosch en omstreke oor die feestyd. En as dit by skryf kom, raadpleeg gerus die US Taalsentrum se nuwe opgedateerde Engelse stylgids.*

## Doen

Teater, wynproe, stap en nog vele meer is te beleef in Stellenbosch en omstreke hierdie feestyd. Daar is eerlikwaar geen rede om verveeld te wees tydens jou vakansie nie.

- Aan die teaterfront besoek die bekroonde Britse verhoogproduksie *War Horse* Suid-Afrika vir die eerste keer (foto hiernaas). Die kunstige marionette in hierdie stuk is deur die Handspring Puppet Company in Kaapstad gemaak.

Die groot perde-poppe, gemaak van staal en leer, galop al oor op die verhoog en kom lewensgetrou voor. Dit is al as 'n grootse belewenis deur resensente en gehore beskryf.

*War Horse*, wat in die Kunstekaap-operahuis tot 4 Januarie opgevoer word, is 'n kragtige drama oor 'n perd, Joey, wat die aardighede van die Eerste Wêreldoorlog beleef.

- Op die Devonvallei-pad kan jy by Brenaissance inloer vir wynproe of om iets te eet. Hulle het 'n nuwe wyndek waar gaste 'n "interaktiewe wyn-ervaring" kan beleef. Daar kan jy rustig sit en teug aan ses verskillende Brenaissance-wyne teen R50 per persoon.



Daar is ook 'n restaurant, Café Blanc de Noir, wat pizzas, nagereg en wyn bedien, asook speelplek vir kinders het.

Die plaas behoort aan 'n egpaar, Tom en Hayley Breytenbach, wat albei entrepreneurs is. Dit was hul droom om 'n plaas in Stellenbosch te besit en die koop daarvan het 'n nuwe pad vir hul lewe beteken – vandaar die kombinasie van hul van Breytenbach en die woord "renaissance" om "Brenaissance" te vorm.

- In Devonvallei kan jy ook 'n staptog meemaak wat met volmaan by die Delvera-wynplaas gehou word. Van September tot April reël Dirtopia een keer per maand 'n stap na die Koppie aan waar stappers 'n piekniek kan geniet terwyl hulle kyk hoe die son agter Tafelberg sak en die volmaan opkom.

Die Vintners-staproete, ook by Delvera, is geskik vir gesinne met kinders en bied 'n uitsig oor die vallei.

## Read

The Stellenbosch University Language Centre has launched its reworked *Stylgids* of 2012, which now has an updated English counterpart: the *2014 Style Guide*.

The *Style Guide* is a quick reference guide on the University's preferences concerning English usage. Although it is aimed specifically at language practitioners who do editing and translation for the University, anyone could put it to good use for whatever your language-relating needs.

Besides guidance regarding the usual suspects such as grammar, punctuation, numbers and abbreviations, the *Style Guide* also deals with plain language and inclusive writing, scientific writing, and legislation and case law. To keep up with what technology throws at us, a chapter has been dedicated to technical tips, mostly regarding the functions of MS Word.


The Language Centre put extra punch in Translation Day celebrations this year by launching the updated and expanded *Style Guide* at a cocktail function at STIAS on 30 September.

Using and offering style guides for Afrikaans and English is one way of ensuring that the Language Centre delivers a service of high and consistent quality.

The Language Centre is a hub where students, staff members and other clients can get advice and service with regards to language usage and communication.

Experts in language acquisition, translation, editing, interpreting, corporate communication, research and document design work and consult for the Language Centre.

Both the *Style Guide* and the *Stylgids* are available in electronic format – visit www.sun.ac.za/languagecentre to download them for free.



# Ditch the comfort zone

*Have you been stuck in the same job since forever? Bored out of your mind, envious of others who are constantly pushing the boundaries; full of excuses, yet too afraid to try something new? Then you're most probably stuck in your comfort zone. By ILSE ARENDSE*

Your comfort zone is that place where the familiar enfolds you like a warm safety blanket.

Good place to be, right? Apparently not. Career experts all agree that one of the most damaging things you could do in your career is to stay for years where you're comfortable and that pushing past your comfort zone is critical to success and personal empowerment.

They say that by staying in that comfort zone you risk limiting yourself, doubting your own abilities and whether you have what it takes to succeed outside of your current job.

In his book, *Trajectory: 7 career strategies to take you from where you are to where you want to be*, author David van Rooy says that staying ahead of change and being willing to swim upstream are vital to achieving success. Van Rooy says if you're willing to take that leap, you'll get the chance to define who you are and break free of the limitations of what others think you should be; gain personal control by living and working on your own terms; inspire others to live up to their potential; and you'll have no "what ifs" to haunt you in future.

The highly-successful entrepreneur Sir Richard Branson also believes that too many of us are playing it safe when it comes to work and that it's easy to get stuck in a routine – especially if you've been doing the same job for a while. He says that taking on a new challenge is a great way of getting out of that rut.

However, taking on a new challenge is easier said than done. We are, after all, creatures of habit, and uncertain and unfamiliar situations tend to be a scary thing.

But the key is to take baby steps and to remember that if you want something you've never had, then you've got to do something you've never done.



### Here are a few tips to get you moving onwards and upwards:

- Learn something new, for example a new language, computer programme, etc.
- Take one of your fears and confront it head on.
- Find a role model to serve as inspiration.
- Become a mentor – helping others builds your confidence.
- Change your thoughts – picture yourself reaching that next level of success.



Set on a Jacaranda-lined street in Stellenbosch's most elegant part of town 5 Seasons is the oasis of peace and tranquility. Only 3 minutes drive from the centre with its restaurants, cafes and bars, but also museums, galleries, the University and the STIAS conference centre.

*Tel:* 021 886 6159
*Email:* info@5-seasons.co.za
*Website:* www.5-seasons.co.za
60 van der Stel Street, Stellenbosch

5SEASONS guesthouse



# Intricacies of water and power

*As newly elected Vice-Chairperson of the Young Water Professionals South Africa, 28-year-old Nora Hanke has already seen more of the world than most of us would see in a lifetime – all in pursuit of ensuring water for our future wellbeing. WIIDA FOURIE-BASSON spoke to her.*

The Young Water Professionals (YWP) is an international initiative spearheaded by the International Water Association (IWA) and falls under the auspices of the Water Institute of Southern Africa (WISA). The YWP programme is focused on bringing together people from a range of disciplines, working in or interested in the water sector.

Nora Hanke, for example, has a first degree in political sciences from the University of Dundee in Scotland. With an MA in political science from SU, she is now working at the SU Water Institute and the African Union/NEPAD Water Centres of Excellence, where she specialises in water governance issues and capacity-building initiatives.

This year alone she has visited Burkino Faso and Singapore, all for water-related reasons, and she recently returned from Sweden and Portugal.

*"The whole of sub-Saharan Africa has the most pressing water challenges and will most likely be hardest hit by climate change. The work is challenging, inspiring and the need is great. I wouldn't want to work anywhere else."*

A political scientist at heart, Hanke did not stumble upon water by accident. "The sustainable management of shared water resources poses enormous challenges to political scientists who look most fundamentally at power relations. In 1935 (American political scientist) Harold Lasswell posed the now famous question, 'Who gets how much and why?'. This continuous to guide all political scientists writing on shared waterways in one way or another."

In Burkina Faso Hanke was the only South African representative to attend the Africa Water Forum 2014, paving the way for the 7th World Water Forum where she, alongside other African youth, wrote the Water Youth Declaration for the African Ministers Council on Water. The Africa Water Forum 2014 also paves the way for the African continent's contribution towards the 7th World Water Forum in South Korea in April 2015.

Earlier this year Hanke was among a group of 12 team leaders, chosen out of 700 applicants, sponsored to attend the Singapore International Water Week's Young Water Leaders' Summit. There she had the chance to engage with water leaders from around the world and share the work YWP-ZA has been doing.

As a result of her international engagement, Hanke was also chosen to represent South African on the IWA YWP Steering Committee, which met for the first time at the IWA World Water Congress in Lisbon, Portugal, recently.



*Nora Hanke* *Photo: WIIDE FOURIE-BASSON*

Born and bred in Germany, Hanke says she wouldn't want to work anywhere else than in Africa. "The whole of sub-Saharan Africa has the most pressing water challenges and will most likely be hardest hit by climate change. The work is challenging, inspiring and the need is great. I wouldn't want to work anywhere else."

She plans to continue her work in the YWP network and the NEPAD Water Centres of Excellence. "I hope to promote research excellence in southern Africa. I sometimes feel that the continent is regarded as helpless, while in my experience the opposite is true. I have met the most ingenious, educated and knowledgeable individuals right here in Africa.


"In order for Africa to have a fair shot, this perception needs to change," she concludes.






*Prof Vikash Sewram (front middle), Director of the African Cancer Institute in the Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS), delivered his inaugural lecture, titled "Baby steps to a giant leap: Envisioning a continent free of cancer" on Monday, 27 October. Pictured with Sewram are Profs Marietjie de Villiers, Deputy Dean: Education (FMHS); Jimmy Volmink, Dean (FMHS); and Mohammad Karaan, Acting Vice-Rector (Community Interaction and Personnel).* *Photo: MANDI BARNARD*




## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE

**STILBAAI:** 'n "Lock up & go"-plekkie in Stilwatersoord (100m², stoep 25m² en garage 19m²); naby inkopiesentrum; met toegang tot wonderlike stap-, swem- en visvangmoontlikhede, asook goeie gholf- en rolbaanbaan. Dadelik beskikbaar. Kontak 076 967 4671.

**FURNITURE, HOUSEHOLD AND GYM:** Items for sale. Scaling down and the house is sold. Please contact: rhehana@telkomsa.net or 082 418 8740 (whatsapp/sms).

**TOWNHOUSE:** Agape is a well-managed sectional title complex for over-50s; close to the university and town centre. No. 35 is a 84m² single-storey townhouse with two bedrooms, one bathroom, open-plan lounge/kitchen, single garage and patio with braai area. Sale price R850 000. Contact Alice Ashwell on 082 720 7444 or alice@heartofnature.co.za.

### VERBLYF / ACCOMMODATION

**TOWNHOUSE:** Fully furnished, newly renovated three bedroom townhouse in Kleingeluk, Die Boord. Available from February 2015 for R15 000 per month. Ideal for visiting lecturer and his/her family. Phone: 073 462 4054; email: dwu@sun.ac.za.

**LADYBUG INN:** Self-catering accommodation. Beautiful, safe and quiet self-catering house for rent or overnight stay. Walking distance to Mediclinic and 1.5km to Stellenbosch town centre. Facilities include WiFi, DStv, fully equipped kitchen, furnished, housekeeping service, 2 bedrooms, 2 bathrooms, kitchen, scullery, TV room, and dining room. To rent per night (R700) or longer term (R10 000 per month). Contact Gerhard on 084 506 1044.